

## Die evangelie en die kerk



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Galasiërs 6:1–10, Matteus 18:15–17, 1 Korintiërs 10:12, Romeine 15:1, Johannes 13:34, Lukas 22:3.*

#### Geheueteks:

“Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof” (*Galasiërs 6:10*).

**S**ommige boere het besluit om die grootste groente vir hulleself te hou, en om die kleineres as saad te plant. Na ‘n paar teleurstellende oeste het hulle agtergekom dat die natuur hulle opbrengste tot die grootte van albasters verminder het. Die boere het in hierdie ramp ‘n uiters waardevolle les deur hierdie belangrike lewenswet geleer. “Hulle kon nie die beste dinge van die lewe vir hulleself gehou het en die oorblyfsels as saad gebruik het nie. Die wet van die lewe het besluit dat die oes die saaiing daarvan weerspieël.

“In ‘n ander sin is dit steeds algemene praktyk om klein [groente] te plant. Ons neem die groot dinge in die lewe vir onself, en plant die oorblyfsels. Ons verwag dat deur een of ander gekke ommekeer van geestelike wette, ons selfsugtigheid met onselfsugtigheid beloon sal word.”—*International Student Fellowship Newsletter, March 2007* – vry vertaal. Paulus pas hierdie beginsel toe in Galasiërs 6:1–10. In stede daarvan dat lidmate mekaar “byt en opeet” (*Gal. 5:15*), moet die kerk ‘n plek wees waar waar die Gees ons lei om ander voor onself te plaas. Deur te verstaan dat ons deur genade gered word, behoort ons nederig en geduldiger en vol medelye te wees in die wyse waarop ons ander behandel.

*\*Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 23 September.*

## Herstel die gevallene

Terwyl Paulus hoë verwagtinge koester vir die aard van die Christelike lewe (*Gal. 5:16*), is sy raad aan die gelowiges in Galasiërs 6:1 verfrissend realisties. Die mens is geensins volmaak nie, en selfs die toegewydste Christene is nie immuun teen foute nie. Paulus se Griekse woorde van Galasiërs 5:16 is 'n aanduiding dat hy 'n situasie voorsien wat waarskynlik op een of ander tydstop in die kerk gaan plaasvind. Paulus bied praktiese raad aan die Galasiërs hoe om met sulke situasies om te gaan indien dit sou opduik.

**Hoe moet Christene reageer wanneer 'n medegelowige in een of ander sondige optrede verval? *Gal. 6:1, Matt. 18:15–17.***

---

Om voordeel te trek uit Paulus se raad in Galasiërs 6:1, moet ons verstaan wat die presiese aard is van die situasie wat Paulus in gedagte het. Dit wentel om twee woorde in die eerste helfte van die sin. Die eerste woord is “oorval” (“aan sonde toegee” - DB). Dit beteken letterlik “om bewus te word, verras te word, of oorgeneem te word”. Die konteks en verskillende nuanses wat met hierdie woord geassosieer word, impliseer dat Paulus twee aspekte in gedagte het. Dit verwys nie slegs na 'n gelowige wat 'n ander gelowige “uitvang” in die uitvoer van een of ander daad nie, maar ook die proses waardeur 'n persoon self vind dat hy “oorval” is deur 'n daad (*lees Spreuke 5:22*), en dat hy onder die beste omstandighede sou kies om daardie optrede te vermy. Die moontlikheid dat die verkeerde optrede wat Paulus hier bespreek, nie doelbewus is nie, sien ons uit die aard van die terminologie wat hy hier gebruik. Die woord wat vertaal word as “misdaad” (AFR53) of “sonde” (AFR83), kom uit die Grieks paraptoma, en verwys nie na 'n doelbewuste sonde nie, maar eerder na 'n fout, 'n struikeling, of misstap. Die laaste maak veral sin in die lig van Paulus se vorige opmerkings oor “wandel” in die Gees. Alhoewel dit op geen wyse dien as verskoning vir die persoon se oortreding nie, is dit duidelik dat Paulus nie hier te doen het met 'n geval van uitdagende (doelbewuste) sonde nie (*1 Kor. 5:1–5*). Die gepaste reaksie in sulke omstandighede behoort nie straf, veroordeling of afsnyding te wees nie, maar wel herstel. Die Griekse woord wat as “herstel” vertaal word, is katartizo en beteken “om heel te maak” of “reg te maak”. In die Nuwe Testament word dit gebruik om visnette “reg te maak” (*Matt. 4:21*), en dit beskryf ook die proses waardeur 'n gebreekte been geheg (geset) word, soos dit as mediese term in die Griekse literatuur voorkom. Op dieselfde wyse wat ons nie 'n medegelowige alleen sal laat as hy geval en 'n beenfraktuur opgedoen het nie, sal ons as lede van die liggaam van Christus tederlik vir ons broeders en susters in Christus sorg wat ook mag struikel en val terwyl ons almal saam op die weg na God se koninkryk wandel.

**In stede daarvan om Matteus 18:15–17 uit te leef, waarom praat ons dikwels so lelik van die persoon vir wie ons kwaad is, of laat ons toe dat ons woede teen daardie persoon opvlam, of beplan ons selfs wraak?**

## Pasop vir versoeking

“‘Jy is die man!’ sê Natan toe vir Dawid” (2 Sam. 12:7). Die erns van Paulus se woorde in Galasiërs 6:1 — om waaksaam in ons eie lewens te wees sodat ons nie in versoeking val nie - moenie misgekyk word nie. Die dringendheid en persoonlike kommer agter Paulus se raad kan gesien word in die wyse waarop hy sy oproep maak. Die woord wat as “op jouself let” (AFR53) of “pas op” (AFR83) vertaal word, beteken letterlik “kyk versigtig daarna” of “skenk noukeurig aandag daaraan” (vergelyk Rom. 16:17, Phil. 2:4). Wat Paulus dus in werklikheid sê, is “hou ‘n waaksame ogie oor jouself” sodat die sonde jou nie onverhoeds betrap nie. Om hierdie waarskuwing uit te lig, wissel Paulus van die tweede persoon meervoudsvorm (“julle”) in die eerste helfte van Galasiërs 6:1 na die tweede persoon enkelvoud (“jy”) in die laaste helfte van die vers. Dit is geen waarskuwing in die algemeen wat vir die hele gemeente geld nie. Dis ‘n persoonlike waarskuwing gerig aan elke individu binne die kerk. Paulus identifiseer nie eksplisiet wat die aard van die versoeking is waarteen hy die Galasiërs so ernstig waarsku nie. Moontlik het hy nie een spesifieke oortreding in gedagte gehad nie, maar het bloot verwys na die gevaar daaraan verbonde om dieselfde sonde te doen, wat ook al dit is, waarvan hulle poog om mekaar te genees. Terselfdertyd is sy woorde in Galasiërs 5:26 om nie “verwaand” te wees nie, ‘n waarskuwing aan hulle om nie op een of ander wyse geestelik meerderwaardig te wees teenoor diegene wat herstelling nodig het nie.

**Waarom sou dit nodig wees vir Paulus om die Galasiërs teen geestelike hoogmoed te waarsku? Kyk na 1 Kor. 10:12, Matt. 26:34, en 2 Sam. 12:1–7.**

---

---

---

Een van die grootste gevare in die Christelike wandel is ‘n geestelike meerderwaardigheid wat aanleiding kan gee dat ons reken ons is op een of ander wyse bestand teen die pleeg van sekere soorte sondes. Die nugtere feit is dat ons almal dieselfde sondige natuur het – ‘n natuur wat in opposisie met God is. Dus, sonder die terughoudende krag van God se Gees, sal ons aan bykans elke sonde toegee, waar die omstandighede gunstig is. So ‘n bewustheid van ons ware identiteit buite Christus kan ons daarvan weerhou om in die sonde van self-geregtheid te val, en dit kan ons ook ‘n groter simpatie laat betoon aan diegene wat ook foute maak.

**Hoeveel keer het jy jouself al bevind dat jy ander veroordeel (al is dit net in jou hart) vir sondes, waaraan jy ook eens self skuldig was?**

## Dra van laste (*Gal. 6:2–5*)

**Bykomend tot die herstel van die gevallenes, watter ander opdragte gee Paulus aan die gelowiges in Galasiërs? (*Gal. 6:2–5*; sien ook *Rom. 15:1, Matt. 7:12*).**

---

Die Griekse woord wat as “las” (“pak” in AFR53) in Galasiërs 6:5 vertaal is, is *baros*. Dit verwys na ‘n swaar gewig of drag wat iemand vir ‘n lang afstand moes dra. Met die tyd het dit egter ‘n metafoor geword vir enige soort probleem of moeilikheid, soos die las van ‘n lang dag se werk op ‘n warm dag (*Matt. 20:12*). Alhoewel Paulus se verduideliking “dra mekaar se laste” sekerlik ook inspeel op die morele verval van medegelowiges wat in die voorafgaande verse genoem is, is die konsep om ‘n las te dra, baie breër. Paulus se instruksies openbaar talle geestelike insigte oor die Christelike lewe wat nie misgekyk moet word nie.

Eerstens, soos Timothy George opmerk: “Alle Christene het laste. Ons laste mag verskil in grootte en vorm en sal anders wees afhangend van die voorsienige omstandighede in ons lewens. Vir sommige sal dit die las van versoeking en die gevolge van morele verval wees, soos in vers 1 hierbo. Vir ander is dit dalk ‘n fisieke ongesteldheid, ‘n geestesverstoring, ‘n familiekrisis, werkloosheid, of demoniese onderdrukking, of ‘n klomp ander dinge; maar geen Christen is gevrywaar teen laste nie.”—*Galatians*, p. 413 – vry vertaal.

Tweedens, God wil nie hê dat ons al ons laste alleen moet dra nie. Ongelukkig is dit so dat ons baie meer gewillig is om ander te help om hulle laste te dra, as wat ons gewillig is of toelaat dat ander ons eie help dra. Paulus keur hierdie houding van selfgenoegsaamheid af (*Gal. 6:3*) as menslike trots, wanneer ons weier om te erken dat ons ook behoeftes en swakhede het. Sulke trots beroof ons nie net van die gemak van ander nie, maar verhoed ook dat ander die bediening waarvoor God hulle geroep het, vervul.

Laastens, God roep ons om die laste van ander te dra omdat dit deur ons optrede bewerkstellig word dat God se troos gemanifesteer word. Hierdie konsep is geskoei op die feit dat die kerk die liggaam van Christus is. ‘n Illustrasie hiervan in Paulus se woorde is: “Maar Hy wat die nederige troos, naamlik God, het ons getroos deur die koms van Titus” (2 Kor. 7:6). Let op dat “God se troos” nie aan Paulus gegee is deur sy privaat gebed en wag op die Here nie, maar deur die gemeenskaplikheid van ‘n vriend en deur die goeie nuus wat hy gebring het. “Menslike vriendskap, waarin ons mekaar se laste dra, is deel van God se doel vir Sy volk.”—John R. W. Stott, *The Message of Galatians*, p. 158 – vry vertaal.

**Wat weerhou jou daarvan om hulp te soek – trots, skaamte, gebrek aan vertroue, ‘n sin van selfgenoegsaamheid? Indien jy ‘n behoefte het, waarom soek jy nie iemand op wat jy kan vertrou en vra om jou te help om jou laste te dra nie?**

## Die wet van Christus (*Gal. 6:2–5*)

**Paulus verbind die dra van laste met die vervulling van die wet in Christus. Wat bedoel hy met “die wet van Christus”? *Gal. 5:14, 6:2, Joh. 13:34, Matt. 22:34–40.***

Paulus se gebruik van die frase “die wet van Christus” (*ton nomon tou Christou*) kom nêrens elders in die Bybel voor nie, al gebruik hy ‘n soortgelyke uitdrukking in 1 Korintiërs 9:21 (*ennomos Christou*). Die uniekheid van hierdie frase het uitloop op ‘n aantal verskillende interpretasies. Sommige redeneer, foutief, dat dit bewys is dat God se wet wat op Sinai gegee is, vervang is deur ‘n ander wet, die wet van Christus. Ander meen die woord wet beteken slegs “beginsel” (*lees Rom. 7:21*), wat die betekenis dra dat wanneer ons mekaar se laste dra, volg ons die voorbeeld van Jesus na. Al het die laaste interpretasie meriete, impliseer die konteks en soortgelyke terminologie (*Galasiërs 5:14*) dat die “vervulling van die wet van Christus” ‘n ander verwysing is na die vervulling van die morele wet deur liefde. Paulus het vroeër in sy brief aangetoon dat die morele wet nie afgeskaf is met die koms van Christus nie. Die morele wet wat deur liefde geïnterpreteer word, speel voortdurend ‘n belangrike rol in die Christelike lewe. Dit is die hoogtepunt van wat Jesus gedurende Sy aardse bediening geleer het, en ook dwarsdeur Sy hele lewe en selfs in Sy dood uitgeleef het. Met die dra van ander se laste, volg ons nie slegs in die voetspore van Jesus nie, ons vervul ook daardeur die wet.

‘n Ander kwessie kom in hierdie teksgedeeltes na vore. Dit is die oënskynlike teenstrydigheid tussen Galasiërs 6:2 en 6:5. Hierdie probleem word egter maklik opgelos indien mens beseft dat Paulus twee verskillende woorde gebruik om twee verskillende situasies te beskryf. Ons het reeds gesien dat die woord vir las in vers 2 (*baros*) na ‘n swaar drag, wat ver gedra moet word, verwys. Die woord phortion in vers 5 verwys egter na ‘n skip se vrag, ‘n soldaat se rugsak, of selfs ‘n kind in die baarmoeder. Waar al die vorige laste tersyde gestel kan word (afgehaal kan word), kan die laaste nie. ‘n Swanger moeder moet haar eie kind dra. Soso hierdie voorbeeld wys, is daar sommige laste wat mense ons kan help dra, maar ander wat geen ander mens vir ons kan dra nie, byvoorbeeld die las van ‘n skuldige gewete, lyding, en dood. Vir hierdie laste moet ons op God se hulp alleen vertrou (*Matt. 11:28–30*).

**Vir sommige laste kan jy hulp van ander verkry, maar sommige kan jy alleen na die Here toe vat. Hoe leer mens om dinge vir die Here te gee, wat jy net eenvoudig nie self kan dra nie?**

## Saai en oes (*Gal. 6:6–10*)

In Galasiërs 6:7 verskyn die woord “bespot” (*mukterizo*) slegs hier in die Nuwe Testament, al kom dit verskeie kere in die Griekse vertaling van die Ou Testament voor. Die letterlike betekenis is “om jou neus in afkeur op te trek”. In die Ou Testament verwys dit tipies na die minagting van God se profete (*2 Kron. 36:16, Jer. 20:7*), en word dit selfs eenkeer gebruik om ‘n grafies rebelse houding teenoor God te beskryf (*Eseg. 8:17*). Paulus se punt hier is dat mense God ignoreer of selfs Sy gebooi beledig, maar hulle kan God nie uitoorlê nie. Hy is die groot Regter, en op die ou einde sal hulle die prys vir hulle daade moet betaal.

**Lees Galasiërs 6:8. Wat is Paulus se bedoeling hier? Watter voorbeelde kan jy in die Bybel vind van karakters wat in die vlees saai, en in die Gees saai? (Voorbeelde: *Hand. 5:1–5, Luk. 22:3, Dan. 1:8, Matt. 4:1*.)**

---

Paulus se metafoor oor saai en oes is nie uniek nie. Dis ‘n feit van die lewe wat in talle antieke spreukwoorde voorkom. Wat egter betekenisvol is, is hoe Paulus dit gebruik om die vorige opmerkings van hom oor die vlees en die Gees te belig. James D. G. Dunn skryf: “‘n Moderne ekwivalent is dat ons vry is om te kies, maar ons is nie vry om die gevolge daarvan te kies nie.”—*Galatians*, p. 330 – vry vertaal. Alhoewel God ons nie altyd verlos van die aardse gevolge van sondes nie, moet ons nie deur wanhoop oorkom word oor die swak keuses wat ons gemaak het nie. Ons kan ons daarin verheug dat God al ons sondes vergeef het, en ons aangeneem het as Sy kinders. Ons moet die beste maak van al die geleenthede wat ons nou tot ons beskikking het, veral in daardie dinge wat ‘n hemelse oes gaan oplever.

Galasiërs 6:10 illustreer ook dié punt: “Christelike etiek het ‘n dubbele fokus: een is universeel en die ander is alomvattend: ‘Kom ons doen goed aan alle mense’; en die ander is heel spesifiek: ‘Verl aan diegene wat aan die familie van gelowiges behoort.’ Pualus se universalistiese oproep is gebaseer op die feit dat alle persone, oral, in dieselfde beeld van God geskape is en daarom oneindig kosbaar in Sy oë is. Wanneer ook al Christene hierdie primêre datum van bybelse openbaring vergeet, het hulle onvermydelik die slagoffer geword van verblindende sondes soos rassisme, seksisme, tribalisme, klassisme, en ‘n duisend ander skynheilighede wat die mensdom vanaf Adam en Eva geteister het tot vandag toe.”—Timothy George, *Galatians*, pp. 427, 428 – vry vertaal.

**Jy saai òf vir goed òf vir sleg. Kyk na jouself. Watter soort oes gaan jy maai?**

## Verdere leeswerk:

“Die Gees van God hou boosheid onder die beheer van die gewete. Wanneer die mens homself verhef bo die invloed van die Gees, maai hy ‘n oes van verderflikheid. Oor so ‘n mens het die Gees minder en minder invloed om hom daarvan te weerhou om saad van ongehoorsaamheid te saai. Waarskuwings het minder en minder krag oor hom. Geleidelik verloor hy vrees vir God. Hy saai vir die vlees, en oes verderf. Die oes van die saad wat hyself gesaai het, word ryp. Hy het minagting vir God se heilige gebooue. Sy hart van vlees word ‘n hart van klip. Teenstand van die waarheid bevestig sy verderf. Dit is omdat die mens saad van boosheid gesaai het, wetteloosheid, misdaad, en geweld wat volop was voor die sondvloed. “Almal moet weet op watter wyse die siel vernietig word. Dit is nie weens enige bepaling wat God teen die mens uitgevaardig het nie. Hy maak nie die mens geestelik blind nie. God gee voldoende lig en getuienis om die mens in staat te stel om tussen waarheid en leuen te onderskei. Hy dwing nie die mens om waarheid te ontvang nie. Hy laat hom vry om te kies tussen goed en kwaad. Indien die mense getuienis teenstaan wat voldoende is om sy oordeel te rig in die regte rigting, en hy kies die boosheid een keer, sal hy meer geredelik so doen vir ‘n tweede keer. Die derde keer onttrek hy hom gewillig aan God en kies om aan die kant van Satan te staan. Op hierdie pad sal hy voortgaan totdat hy deeglik vasgelê is in die boosheid, en hy glo dat hy die leuen as waarheid koester. Sy weerstand het sy oes opgelewer (MS 126, 1901).” —Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1112 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

1. Wat beteken dit prakties om ‘n medegelowige wat in sonde geval het, te “herstel”? Op watter wyses beïnvloed die aard van die sonde wat gepleeg is die herstelproses? Beteken herstelling dat alles weer presies dieselfde sal wees as voorheen? Bespreek.
2. Omdat daar sommige laste is wat mense op hulle eie moet dra, (Gal. 6:5), hoe bepaal ‘n gelowige of hy of sy iemand moet help?
3. Hoe word jou kerk gemeet aan Paulus se opdragte in Galasiërs 6? Wat kan jy persoonlik doen om ‘n verskil te maak?

## Samevatting:

Die aanduiding van God se teenwoordigheid onder sy volk lê op die vlak van die Christelike gees wat in die kerk gemanifesteer word. Dit kan gesien word in die wyse waarop vergifnis en herstel aangebied word aan diegene wat gefouteer het, hoe die een die ander help in beproewinge, en in doelbewuste dade van goedheid, nie net onder mekaar nie, maar ook aan ongelowiges.

